VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE

Van die kant van die Finansiële kommissie:
Broeders en susters, die agterstallige bedrag vir bydraes vir die finansiële jaar, het tot en met 31 Januarie 2022, reeds R111 000 beloop. Lidmate word dringend versoek om hulle bydraes op datum te bring met die oog op afsluiting van die finansiële jaar. Die laaste kontanttelling vir hierdie tydperk word gedoen op Dinsdag 8 Maart. Die van u wat elektronies inbetaal, word versoek om dit voor/op Maandag 28 Februarie te doen.
Frikkie Venter, Voorsitter.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.
Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.
Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.

Hubbard-pampoen en Butternut-pampoen beskikbaar.
Ek sny dit op en dit word in sakkies verpak.
Hubbard R 30 en R 10 om op te sny.
Butternut R 10 en R 10 om op te sny.
Bestel by Nicolene 072 102 9295



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 7 Sondag 27 Februarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 3 **Kobus Havenga** en wyk 4 **Koos Roos.** Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **AJ van Niekerk.**
Teebeurt: Wyk 7 Tillie Eloff en **wyk 8 Marié Badenhorst**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: Psalm 71 (AFR'20).
Fokusvers: Psalm 71: 17 - 21 (veral vers 19 - 20).
TEMA: ***Uit baie bange benoudhede tel God in sy geregtigheid die gelowige op.***
Sang vooraf: Psalm 116: 1, 6, 7.
Sang tydens die erediens: Psalm 71: 1, 10, 14; Psalm 86: 3, 6; Psalm 71:11, 12, 13; Psalm 71:2, 4, 6.

AAND Woordbediening: Matteus 25: 31 - 46.
Fokusvers: Matteus 25: 34 - 40.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 24; Geloofsbelydenis van Athanasius, artikels 40 - 44 (veral aa. 42, 43).
TEMA: ***Christus oordeel volgens die werke, want geloof waardeur gelowiges in Christus geregverdig is, kan nie anders as om goeie werke voort te bring nie.***
Sang vooraf: Psalm 67: 1, 2, 3.
Sang tydens die erediens: Skrifberyming 35: 1, 2, 3 (Tema 2 - 5); Skrifberyming 14 1, 2 (Tema 8 - 1); Skrifberyming 28B (Tema 10 – 2).

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Expando*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

LIEF EN LEED

Ons verseker ons broers en susters wat deur siekte beproef word, van ons voorbidding vir hulle. Saam met u bid ons, soos koning Dawid in Psalm 70: 6: *"... ek is magteloos en behoeftig. O God, haas U na my – U is my hulp, my bevryder! HERE, moenie talm nie."* Saam met broers en susters wat die genade van beterskap en genesing ontvang het, verheug ons ons in die HERE en ons bely: *"God is groot!"* (Psalm 70: 5).

Prof Callie Coetzee is tot en met 6 Maart afgeboek. Hy sal sy verantwoordelikhede D.V. op 7 Maart weer hervat.

Mietsie Harman ondergaan Maandag 'n operasie aan haar hand.

Naomi Frazer het haar voet gebreek en sterk in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan aan.

Marie Kits ontvang Donderdag 'n pasaangeër in die Anncron Hospitaal.

Susan Nortjé het Maandag 'n terugslag gehad en die bloedstollingstoetse kon nie uitgevoer word nie. Gevolglik moes die nierbiopsie weer uitgestel word tot 'n latere geleentheid. **Koos Nortjé** herstel fluks ná die hegting wat hy aan sy voet ondergaan het.

Bennie du Plessis (Wymie du Plessis) word nog steeds in die Medikliniek behandel. Sy bloeddruk het die afgelope tyd probleme besorg. Hy moes ook bloedoortappings ondergaan. Ons dink ook aan Wymie wat hom bystaan in ons gebede.

Magda Pelser-van der Merwe het die afgelope week weer 'n opvolgondersoek deur die oftalmoloog ondergaan. Ons is dankbaar dat hy verdere behandeling kon voorskryf en dat daar geringe tekens van verbetering is.

BOODSKAP VANAF PROF. CALLIE:
Ek wil graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die kerkraad wat aan my siekverlof toegestaan het, asook al die goeie wense en gebede van die kerkraad en gemeente in hierdie tyd. Die Here het dit in sy groot genade ook gebruik om ons te dra en te versterk.

Bediening van sakrament van die doop

Die sakrament van die doop sal D.V. volgende Sondag (6 Maart) aan **Marnus en Daniël**, seuns van **Adriaan en Tanya van Niekerk** bedien word.

Ons betuig ons innige meegevoel met Mart Kruger wie se suster onlangs oorlede is. Dit is ons gebed dat ons Vader u as familie ryklik sal vertroos met die salf van sy Woord en die innige gemeenskap van die Heilige Gees.

Attestate

Die attestaat van **Hester Regina (Mossie) Kroep**, gebore de Waal, word afgegee na GK Wierdapark

Katkisasie

	Sondag 27 Februarie	**Sondag 6 Maart**
Lesrooster:	Les 5	Les 6
Psalmvers:	Psalm 116: 1 (reël 3, 4)	Psalm 116 (geheel)
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 3: Graad 3 - 4 Ouderling wyk 4: Graad 5 - 6	Ouderling wyk 5: Graad 7 Ouderling wyk 6: Hoërskool

Wo	2/03	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 18

Dagboek

Wo	2/03	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
		18:30	Bybelstudie – Daniël 11	Jeuglokaal
Do	3/02	09:30	Bybelstudie – Handelinge 10:34 – 11:18	Konsistorie
		18:30	Bybelstudie	Konsistorie
So	6/03	09:30	Sakrament van die Doop	
		15:30	Erediens: Huis Eikelaan	Huis Eikelaan Kapel

- Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.
- Daar sal hierdie week en ook op 3 Maart geen Bybelstudie by Huis Eikelaan wees nie.

Belangrike datums om te onthou

Ma	7/03	17:30	Christelike Onderwyskommissie	
Di	8/03	18:00	Eiendomskommissie	
		18:30	Diakonie toerustingsgeleentheid	Ou Kerkie
Wo	9/03	18:00	Gemeenteblad kommissie	
Do	10/03	18:30	Visitasie (Ds. Jannes)	GK Potch-Oos
Di	15/03	18:30	Ouderlinge toerustingsgeleentheid	Ou Kerkie

Vakatures op die kerkraad

Die vergadering van die ouderlinge met die diakens ("breë kerkraad") het met hulle laaste vergadering dit bewillig dat ouderling **Frikkie Venter** (Wyk 2) en ouderling **Koos Roos** (Wyk 4) eervol uit hulle diens losgemaak word. Die naam van **Gideon Wentink** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir diens in die vakante wyk 16. Indien Gideon die roeping opvolg, sal hy D.V. op 20 Maart in die diens van ouderling bevestig word.

.Die spesiale kollektes in Februarie/Maart 2022 gaan vir:

Sondag	27 Februarie	**Expando**
Sondag	6 Maart	SDDS. Versorging van ons Kinderhuise
Sondag	13 Maart	Instituut Christelike Onderwys
Sondag	20 Maart	Ekumenisiteit (Buitelands)
Sondag	27 Maart	Teologiese Studentekas

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

28 Feb	**Elmarie Venter**. Wyk 20
1 Maart	**Flip Mostert**. Wyk 4
2 Maart	**Tinus Venter**. Wyk 1
3 Maart	**Banie Boneschans.** Wyk 2
3 Maart	**Frieda Theron**. Wyk 4
4 Maart	**Loffie Eloff**. Wyk 19
	Flippie Opperman. Wyk 13
5 Maart	**Andries de Klerk**. Wyk 1

UITDRA VAN DIE EVANGELIE

Die *"Goeie Nuus"* koerant

Die *"Goeie Nuus"* koerant word elektronies maandeliks uitgegee en lidmate kan per epos of whatsapp aanvra om die koerant te ontvang. Die redaktrise, mev. Huegene Venter, verwelkom bydraes van predikante van die Gereformeede Kerk. Die koerant word bestuur deur die nie-winsgewende onafhanklike Media-Sending in Potchefstroom, met die doel om die evangelie van Jesus Christus te verkondig.Gemeentelede kan die koerant ook aanlyn lees by www.goodnewsmessage.co.za of hulle kan 'n versoek na telefoonnommer 074 254 2319 stuur om die koerant maandeliks deur whatsapp te ontvang. Hulle kan ook op ''Facebook'' kyk onder www.facebook.com/goodnewsmessage of hulle kan vra om op die maandelikse e-poslys geplaas te word deur 'n e-pos te stuur na mail@goodnewsmessage.co.za. *Goeie Nuus* poog om in hierdie moeilike tye steeds die Here se Woord by soveel mense moontlik te kry om hulle sodoende te bemoedig.

Lidmate word versoek om die inligting verder te versprei na potensiële evangelisasie-gevalle of enige iemand wat baat sal vind by die lees van *Goeie Nuus*. *Salome Kruger*

Skink asseblief 'n koppie tee

Elke Sondag is daar weer die dierbare Susters wat teeskink. Ons kry elkeen 'n beurt of twee om te skink. Hoe weet jy wanneer dit jou beurt is? In elke uitgawe van *Op die Kerkwerf* staan die wyk wat hierdie Sondag verantwoordelik is en die wyk vir die volgende week. Ons het ook die skinkbeurte op die kalender aangedui. Hierdie week is dit die Susters van wyke **7** en 8 en die wyksusters is **Tillie Eloff (7)** en **Marié Badenhorst (8)**. **Volgende week** is dit die beurt van wyke 9 en 10. Die wyksusters daar is **Karin Aartsma (9) en wyk 10 is vakant.** Die Susters vra 'n vrywilliger om daar as wyksuster op te tree. Praat met 'n bestuurslid daaroor asseblief.

Daar is nou selfs 'n koekie of twee by die tee of koppie koffie.

Ons weet glad nie hoe dit werk nie, maar soms is daar niemand wat kom skink nie. As dit gebeur, sit jou Bybel neer en stap asseblief om na die kombuis om te begin teemaak en skink.

Ons koster Pieter Bouwsema het klaar die urn vol water gemaak.